SAKE 24 (Beeld)
13 Aug 2012, p.20

BUITELANDSE BELEID

# China skrik nie vir 'boelie-lande'

**Carin Smith**

Kaapstad. – China sal hom nie deur groot moondhede laat boelie nie, sê Ma Zhengang, voormalige ambassadeur van China in Brittanje.

Hy is die voorsitter van China se nasionale raad vir samewerking oor veiligheidskwessies in die Stille Oseaangebied en was Vrydag deel van 'n paneelbespreking oor China se buitelandse beleid in 'n veranderende wêreld wat deur die Universiteit van Kaapstad se nagraadse bestuurskool (UCT GSB) aangebied is.

Volgens Ma is daar te veel wanopvattings oor China.

"China word soms beskuldig van 'n hoogmoedige houding, dat hy 'n bedreiging is of die koms van 'n nuwe kommunistiese era wil bewerkstellig," sê Ma. "In 'n geglobaliseerde wêreld is dit egter onmoontlik vir China om op sy eie te ontwikkel en ons internasionale beleid is een van harmonieuse groei ter wille van vrede en gemeenskaplike ontwikkeling op lang termyn."

Ma beklemtoon binnelandse stabiliteit is van kardinale belang vir ekonomiese ontwikkeling.

"Wat China se buitelandse beleid betref, sal ons nie inmeng in ander lande se huishoudelike sake nie," gaan Ma voort. "Ons sal beslis ook nie bloot besluite van ander groot moondhede in die wêreld – soos die VSA – oor internasionale sake slaafs aanvaar of navolg nie. Ons besluit onafhanklik en met die klem op vrede en geregtigheid op lang termyn."

Prof. Wang Yong van Universiteit van Peking het gesê globale ekonomiese korporatiewe bestuur is baie belangrik vir China.

"China wil saam met ander ontwikkelende lande – soos die Brics-lande – werk om saam 'n groter stem op internasionale gebied te kan skep," sê Wang.

"Dit is egter 'n wanpersepsie dat China die bestaande wêreldorde omver wil werp. Die samewerking tussen ontwikkelende lande moet net meer kreatief wees sodat almal voordeel daaruit kan trek."

Bewerings dat gewaak moet word teen China as nuwe koloniseerder van Afrika, wat net agter natuurlike hulpbronne aan is, kom gewoonlik uit sekere oorde, sê prof. John Luiz van die UCT GSB.

"Hilary Clinton (die Amerikaanse minister van buitelandse sake) het nie verniet tydens haar onlangse besoek aan Afrika dikwels indirek gesinspeel op 'n land wat agteraf besig is met kolonialisering nie."

Na sy mening behoort Afrikalande China eerder met 'n gesonde dosis realisme te benader.

"China is na my mening nie slegter of beter as enige Westerse moondheid nie," sê Luiz. "Afrika is egter te besig om op die aard van sy buitelandse verhoudings te fokus in plaas van op sy eie interne samewerking."

Luiz wys daarop dat baie buitelandse beleggers Suid-Afrika gebruik of gebruik het as poort tot die res van Afrika. China nader ander Afrika-lande egter direk en skakel Suid-Afrika se rol uit.

Vir Sanusha Naidu, 'n navorser oor buitelandse beleid, is die groot vraag hoe China binne sy beleid van vreedsame samewerking gaan optree indien sy belange bedreig word.

Die bedreiging van ontwikkelende markte se bestaande markte en pogings om dit deur middel van byvoorbeeld invoerbelasting te beskerm, skep volgens haar reeds soms spanning tussen die Brics-lande.

Waar die klem dikwels op China se bedrywighede in Afrika val, wys sy daarop dat Brasilië ook toenemend sy voetspoor op die vasteland uitbrei.